Psalm 18/1 : Dit is God wat die oorwinning gee (1-16,51)

Vir die koorleier. 'n Lied van Dawid, die dienaar van die Here. Hy het dié woorde tot die Here gerig op die dag toe die Here hom gered het uit die mag van al sy vyande en uit die mag van Saul.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Ek het U hartlik lief, o Heer* – PK de Villiers 1937.

Refrein



Voorg: Hy het gesê:
Almal: Ek het U baie lief, Here, my Sterkte. Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Mans: Onder bespotting roep ek na die Here, dan word ek van my vyande verlos.
Bande van die dood het my omsluit, strome van onheil het my verskrik.
Vroue: Bande van die doderyk het my vasgetrek, strikke van die dood het my bedreig.
In my nood roep ek na die Here, ja, ek roep om hulp na my God.
Almal: In sy paleis hoor Hy my geroep.
Ek roep na Hom om hulp, en Hy luister na my.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Mans: Die aarde het geskud en gebewe, die fondamente van die berge het getril en geskud, want Hy was vertoorn. Rook het uit sy neus getrek, vuur uit sy mond het alles verteer, bloeiende kole uit sy binneste.
Vroue: Hy het die hemel afgebuig en afgekom, onder sy voete was duisternis. Hy het op 'n gerub geklim en gevlieg; op die vleuels van die wind het Hy nader gesweef.
Mans: Hy het Hom in donkerte gehul, donker waters en wolkemassas was sy beskikking.
Uit die gloed voor Hom het wolke getrek, hael en weerligstrale.
Vroue: Die Here het dit uit die hemel laat dreun, die Allerhoogste het sy stem laat hoor in hael en weerligstrale. Hy het sy pyle afgeskiet en die vyand uitmekaar gejaag, hulle met 'n menigte weerligstrale op loop gejaag.
Mans: Die seebodem het sigbaar geword, die fondamente van die aarde is blootgelê deurdat U, Here, op hulle gebulder het met die orkaan van u toorn.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Voorg: Dit is Hy wat aan sy koning groot oorwinnings gee en trou aan sy gesalfde betoon, aan Dawid en sy nageslag vir altyd!
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.